Aloe Ferox™ Nuusbrief

Julie 2016

In hierdie uitgawe

- Haarverlies
- Top 10 Wennerwenke
- 20 Jaar spesiale SAG
- Spesiale aanbod
- Kontakbesonderhede
- Bestellings: Betaling
- Bestellings: Proses
- Opleiding 2017

Beleef 20 jaar saam met ons in die: "Aloe Ferox – Die eerste 20 Jaar" herdenkingsboekie.

Haarverlies: Alopecia

Gesonde hare groei vanuit haarsakkies in die kopvel tydens 'n 2 tot 6 jaar groeisiklus waarna dit los word in die sakkies en uiteindelik uitval. Hierna volg 'n tydperk waarin die haarsakkies voorberei om nuwe hare te produseer.

Stres (faktore wat 'n negatiewe impak op die liggaam het), gene, ouderdom en hormonale veranderinge gekoppel met verswakte biologiese prosesse is van die primêre oorsake van haarverlies.

Tekorte aan nutriënte, essensiële minerale soos sink en selenium en ook veral vitamien A kan veroorsaak dat hare bros word en uitval. 'n Oormaat vitamien A kan ook nadelig wees.

1. **Alopecia areata** is 'n outo-immuunsiekte wat by enigiemand kan voorkom alhoewel gene sowel as emosionele spanning die grootste bydraende faktore blyk te wees. Dit kan wissel van sigbare kaal kolle tot totale haarverlies. Dit is gewoonlik tydelik maar kan ook permanent van aard wees.
   https://en.wikipedia.org/wiki/Alopecia_areata

2. **Androgeniese alopecia**
   Die groeiproses van primêre hare (veral onder mans maar nie slegs by mans nie) word gekniehalter wanneer testosteroon omgeskakel word na DHT. Dit veroorsaak dat die voorbereidingsiklus van die haarsakkies al hoe langer word en die groeifase al hoe korter. Verder word sekondêre haargroei gestimuleer, baarde word harder en oor-/neushare en wenkbroue groei vinniger. Die toestand is duideliker sigbaar by mans.
   https://en.wikipedia.org/wiki/Male-pattern_hair_loss
   https://en.wikipedia.org/wiki/Insulin-like_growth_factor

Aanvullende leesstof rakende Alopecia kan waar aangedui op Wikipedia besigtig word. Meer oor haarverlies in die September 2016 nuusbrief.

Nutri Hair-kapsules is 'n voedings- en kruie-aanvulling wat bestaan uit Saw Palmetto, Biotien, Kelp en 'n samestelling van vitamiene, foliensuur, minerale en ander noodsaaklike voedingstowwe wat haargroei bevorder.

Ons het oor die jare baie positiewe getuienisse ontvang van kliënte wat *Nutri Hair-kapsules* vir lang tydperke gebruik het. Dit sluit in hare wat weer op kaal kolle begin teruggroei asook dramatiese afname in haarverlies.
Kyk ook na die ingeslote bemarkings-brosjure vir verdere inligting.

Nutri Hair-kapsules is op spesiale aanbod tydens Julie/Augustus 2016.

Normale prys: R78

Spesiale prys: R60

Spaar: R18

Top 10 Wennerwenke 2015

Madelein du Toit
Om die TOP 10 te haal, is nie maklik nie. Dit het my 14 jaar geneem.

Ek hou nie baie produkte aan nie maar glo wel aan vinnige diens daarom bestel ek twee maal per week.

Ek WhatsApp al my kliente weekliks en vertel hul meer van die produkte asook die laatslapers om hulle te herinner om bestellings te plaas vir die "specials".

Volle artikel: Nov/Des 2015 Nuusbrief

Linda Bentley
Ek bemark d.m.v. epos, BBM, WhatsApp en ook Facebook. Ek stuur gereeld die "spesials" en inligting oor produkte uit op 'n BBM groep wat ek gestig het.

Ek skenk ook toetspakkette by damesbyeenkomste en sluit dan terselfdertyd 'n sachet van 'n spesifieke produk en ook 'n Produkte-gids in.

Ek neem gratis monstertjies saam wanneer ek aflewerings by nuwe kliënte doen. Ek versprei dit dan sommer by hul werkplek en brei dan so my eie kliëntebasis uit. Ek neem altyd ook Produkte-gidse saam om te versprei.

20 Jaar "Limited Edition" Super Aloe Gel

Bestellings wat voor 25 Junie vir die 75ml Super Aloe Gel ontvang word, sal nie in aanmerking kom vir die R21 "special" nie. Nuusbrief 2/2016: Die eerste 100 verspreiders wat meer as 10 eenhede/buise van hierdie 75ml *Super Aloe Gel* **TUSSEN** 25 en 31 Junie 2016 bestel, sal elk 2 eenhede/buise teen die 1996 prys van R21.00 (geen afslag) kan aankoop.

Betaling van Bestellings

Alle bestellings moet deur 'n bewys van betaling vergesel word. Betaling kan per deposito, in kontant, per kredietkaart of deur elektroniese oorplasing (EFT) gemaak word. Betaling kan na enige van die onderstaande Aloe Ferox rekeninge gemaak word.

Belanarik: Gebruik ALTYD, SLEGS jou verspreiderkode as verwysing.

- ✓ Nedbank Rekening: 110 666 2113, Tak: 198765
- ✓ ABSA Rekening: 905 884 1520, Tak: 632005
- ✓ FNB Rekening: 5153 00 121 30, Tak: 250655
- ✓ Post Office Rekening: 000 887 33 691

Telefoniese navrae: (028) 735 8100
Faks: 086 649 8710
Algemene epos navrae: info@af.co.za
Bestellings en verkope: sales@af.co.za

Belanarik:

- *Stuur asb. geen korrespondensie na news@af.co.za nie.*
- *Moet asb. nie meer die faksnommer: (028) 735 8131 gebruik nie.*

Hoekom dit noodsaaklik is om opknapper te gebruik

Opknappers is heeltwat belangriker as wat jy oedink het.

Dit is waar dat die verkeerde opknapper jou hare swaar en olierig kan laat voel maar as jy glad nie opknapper gebruik nie mis jy uit op al die ander voordele wat dit vir die gesondheid van jou hare inhou.

Het jy geweet? Indien jy jou hare kleur en nie opknapper gebruik nie, vervaag jou haarkleur baie vinniger. Sonstrepies "highlights" droog ook vinniger uit sonder opknapper.

Belanarik: Sjampoe maak jou hare skoon deur olies en ander aanpaksels te verwyder met behulp van skoonmaakmiddels. Tydens die skoonmaakproses is dit onvermydelik dat die skoonmaakmiddels die buitenste lagie van jou hare effens karnuffel. 'n Goeie opknapper vertroetel dan weer die buitenste lagie van jou hare en help ook om die pH balans van jou hare te herstel.

Nutri Hair Conditioner is op spesiale aanbod tydens Julie/Augustus 2016.
Normale prys: R62
Spesiale prys: R50
Spaar: R12

2017 Opleidingsdatums

Ons wil graag die 2017 opleidingsdatums finaliseer. Dit is egter vir ons belangrik om die datums so te skeduleer dat dit jou die beste pas. Die groot vraag is dus: Tydens, of nie tydens skoolvakansies nie? Stuur asb. jou voorstelle na info@af.co.za. Elke verspreider wat 'n voorstel instuur en ook die 2017 opleiding bywoon sal met 'n groot geskenk beloon word!

Timeless Revitalising Toner is op spesiale aanbod tydens Julie/Augustus 2016.
Normale prys: R105
Spesiale prys: R80
Spaar: R25

DIE BESTELLINGSPROSES

Ons spandeer 'n groot hoeveelheid tyd daaraan om die bestellingsproses so maklik as moontlik vir jou te maak. Jy kan jou bestellings dus epos, faks of deurskakel.

Daar is gedrukte bestelvorms beskikbaar waarop jy jou bestellings kan aanteken, uitwerk en dan deurstuur.

Belanarik:

Daar is ook 'n baie eenvoudige en volledig uitgewerkte Excel-bestelvorm beskikbaar. Dit werk alle hoeveelhede en bedrae, insluitende versendingskoste en prysstruktuure, gerieflik vir jou uit.
Dit sal jou bestellingsproses baie vereenvoudig en dit is heeltemal gratis. Vra dit sommer nou by info@af.co.za aan.